## KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asseblief 'n verwysing,
bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.

## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Arthur | Delport | 10/05 |
| Esmaré | Erasmus | 10/05 |
| Johan | Schoombee | 10/05 |
| Irmgard | Berner | 10/06 |
| Cathy | Crous | 10/06 |
| Pieter | du Toit | 10/06 |
| Yvonne | le Roux | 10/06 |
| Belinda | Vosloo | 10/06 |
| Elize | Cloete | 10/07 |
| Zirk | Kruger | 10/07 |
| Francois | Nortjé | 10/07 |
| Jan | Beyer | 10/08 |
| Andries | de Kock | 10/08 |
| Sara | Neethling | 10/08 |
| Marlene | Stoltz | 10/09 |
| Peter | Brand | 10/10 |
| Chris | Coetzee | 10/10 |
| Vida | Coetzer | 10/10 |
| Suzette | Gouws | 10/10 |
| Steve | Meyer | 10/10 |
| Cabous | Harmse | 10/11 |
| Hilda | Marais | 10/11 |
| Hildegard | Meyer | 10/11 |
| Deon | vd Vyver | 10/11 |

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

5 Oktober 2025

## WELKOM!

**EREDIENSTYE 05/10**
09h30 L'Agulhas
Spesiale Kollekte:
Jan Kriel Instituut
Kategese
**Maandag**
10h00 Projekte en Funksies
**Dinsdag**
14h00 Klerebank
**Donderdag**
11h00 Kommunikasie
**Vrydag**
09h00 All Pay

**EREDIENSTYE 12/5**
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
Kategese
Spesiale Kollekte:
Straatwerk

### Blokbyeenkoms

Alfa en Protea wyke hou 'n gesamentlike blokbyeenkoms, 14 Oktober 17h30 vir 18h00. Kom geniet 'n gesellige aand met Woord en kuier. Bevestig asseblief u teen-woordigheid teen Maandag, 13 Oktober 2025. Dawie Theron 0828946070.

### NUWE INTREKKERSBOEK

As jy nuut is in ons gemeente, skryf gerus jou besonderhede in die nuwe intrekkersboek. Daar lê so 'n boek in albei ons kerkge-boue. Ons sal jou graag beter wil leer ken.

### KERSSANGDIENS - KOOR

Kom sluit by ons aan. Nou is die tyd! Ons begin in Oktober oefen aan ons repertoire vir KERSFEES! Ons oefen Donderdae in Struisbaaikerk, van 15h00. ALMAL is welkom! Kontak Christa-Marié by 0825562850.

**Teksvers vir die week:**
Psalm 31: 16 - " U beheer my lewe van begin tot end..."

## Ons bid vir...

1. Bejaardes wat:
1.1 treurig & alleen voel
1.2 swaarkry & ongerief verduur
1.3 voel dat hulle vir ander 'n las is
2. Omgee & begrip vir bejaardes
3. 'n Heerlike skoolvakansie
4. Leerders, personeel en ander betrokkenes by die Jan Kriel Instituut
5. Almal wat operasies ondergaan en dié wat herstel van operasies en siektes
6. Ds. Franziska wat tans met verlof is.

## DANKIE VIR

1. Die verwydering van alle kanker by Marietjie Bruwer
2. Rika Carstens wat so mooi herstel na haar groot operasie
3. 'n Geseënde visioeneringsessie met Kerkraadslede
4. Die koor se pragtige optrede saam met Mona Marais
5. 'n Heerlike hoenderbraai
6. Almal wat gehelp het met die Barmhartigheidbasaar en vir diegene wat die basaar ondersteun het.

## MAMMA MIA!

Op Vrydag, 31 Oktober, vier ons gemeente ons verjaarsdag met 'n heerlike ABBA KARAOKE. Moenie nou al sê jy gaan nie sing nie, jy hóéf nie te sing nie. Kom kuier net saam en kom geniet Abba se musiek saam met ons. Daar sal woorde op 'n skerm verskyn vir diegene wat die woorde saam met die musiek wil sing. Mat & Alida van Napier bring hulle eie toerusting saam vir die karaoke. Daar sal ook 'n lys van populêre Engelse & Afrikaanse liedere wees om uit te kies. Jy bring jou eie piekniekmandjie saam, maar tee of koffie word by die prys ingesluit (R50 per persoon, maar kinders onder 12 betaal net R30). As jy wil, kan jy soos een van die Mamma Mia-karakters of soos 'n toeris op 'n Griekse eiland aantrek.
Plek: NG Kerk, Struisbaai
Tyd: 18h00 tot 22h00
Kaartjies is te koop by die Kerkkantoor. (Di tot Do van 08h00 tot 12h00) Bring familie en vriende saam.

# Doen & Deel

## Jan Kriel Instituut

Jan Kriel Instituut het ontstaan uit die kerk se sorgsame betrokkenheid by die geskiedenis van Jan Krielskool (sedert 1937).
Die Instituut is 'n kerkgebaseerde organisasie en onafhanklike NPO. Dit fokus op die koestering en bestuur van die netwerk van ondersteuning vir die kinders van die Jan Kriel-instituut deur bewusmaking en die insameling van fondse vir kinders met spesiale onderwysbehoeftes.
Skenkers en donateursvriende speel deur die Instituut 'n onontbeerlike rol om hierdie kinders 'n kans te gee om te ontwikkel en sukses te behaal. Die Instituut bestuur en ontwikkel ook die bates van Jan Kriel.
Die befondsing word toegeken volgens 'n samewerkingsooreenkoms met die beheerliggaam van Jan Krielskool.
Die NG Kerk het die bestuur van Jan Kriel in 1942 aanvaar. Infrastruktuur en ander ondersteuningstelsels het ontwikkel om ongeveer 580 kinders geleenthede by Jan Krielskool te gee.
Gespesialiseerde onderrig en kundigheid sal altyd duur wees, maar 80 jaar se ondervinding bevestig ons vaste geloof in die waarde daarvan vir ons kinders. 'n Kind wat na ons verwys is, sal nooit weggewys word op grond van finansiële behoefte of geloof nie.
GEE 'N KIND 'N KANS!

## COENIE DE VILLIERS

Kaartjies vir ons koor se optrede saam met Coenie kan by Letty-Ann Möller (076 712 9026) bespreek word. Die konsert geskied op 20 Oktober in Bredasdorp se NG Kerksaal.